

Donderdag 23 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 15:1-16, 25

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 15:12-13

Staan op, maak reg en doen weer die Here se wil!

Ons Here is Koning en Hy is heilig en terselfdertyd is Hy regverdig. Hy weet dat sy mense maar stof is (Ps. 103:14) en Hy weet vooraf dat hulle in die sonde sal struikel (Luk. 22:31-34). Dit maak my struikeling egter nie reg nie. Omdat ek die genade en regverdigheid van God ken, staan ek op uit my sonde, maak reg en doen weer die wil van die Here.

Drie maande het verbygegaan nadat die Here Dawid se eerste indrukwekkende prosesie tot stilstand gebring het met die dood van Ussa. Dit was gedurende hierdie tyd dat Dawid agtergekom het wat hy verkeerd gedoen het. Uit die Woord van die Here het hy te wete gekom dat niemand anders behalwe die Leviete die ark van God mag dra nie.

Daarop het Dawid die familiehoofde van die Leviete bymekaar geroep en hulle aangesê om hulle en hulle broers te reinig sodat hulle die ark van God na Jerusalem kan bring. Ook teenoor hulle erken Dawid sy eiewilligheid van vroeër. Omdat die Leviete nie aan die begin betrek is nie, is die Here se heilige toorn opgewek en Ussa is uit die volk weggeskeur.

Gelei deur die Heilige Gees het Dawid uit die Woord sy verkeerde optrede teen die Here opgemerk. Die Heilige Gees het hom gelei om op te staan en reg te maak, sodat hy die Here se wil behoorlik kon doen. Daarom kon hulle met feestelike stemming die ark uit Obed-Edom se huis bring na die plek wat Dawid daarvoor voorberei het.

Voel jy soos 'n mislukking omdat jy heeltewel verkeerd teenoor die Here en jou naaste opgetree het? Jy hoef nie in jou sonde te bly lê nie. In Christus het jy die versekering dat die Here 'n ewige verbond met jou opgerig het. In sy Naam kan jy opstaan en by die Here en jou naaste regmaak sodat jy weer die wil van die Here kan doen.

Sing: Psalm 25-1:3, 7

Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)